SANGER
LAURIKA RAUCH

ONTWERPER
JENNY LE ROUX

"Ek het Laurika nie voor die tyd ontmoet nie, maar sy het vir my spesifieke riglyne oor haar styl en voorkeur laat kry," vertel Jenny, wat al jare lank die modetoon aangee vanuit haar winkel, Habits, in Claremont, Kaapstad. "Sy het 'n broekpak verkies. Ek het toe hierdie sexy uitrusting ontwerp met die noupypbroek en 'n lang, vloeiende jas wat haar lengte en styl komplementeer. Ek het sagte truistof-lycra gekies en dit goed gedrapeer. Dit lyk werklik vleiend. Ek het ook fyn net vir 'n tikkie glans gebruik."

Dit is die eerste keer dat Laurika Rauch een van Jenny se skeppings dra. "Afgesien daarvan dat dit 'n uiters vleiende uitrusting is en van die heerlikste materiaal gemaak is, is ek mal daaroor dat dit gitswart is," sê Laurika. "Ek voel deftiger as deftig daarin – ek voel *grênd*." T